

Die onderrig en integrasie van musiek in die graad een kurrikulum

Vier jaar gelede het ek 'n onderwys dosent geword nadat ek vir 25 jaar 'n onderwyser was. Ek het besluit om 'n doktorsgraad in Kurrikulumstudie aan te pak en te fokus op gewone Graad 1 onderwysers in verskeie maatskaplike omstandighede. My navorsing se doel was om die onderrig van musiek in Graad 1 in die Wes-Kaap te ondersoek deur middel van 'n waarnemingstudie van 108 klaskamers, onderhoude met Graad 1 onderwysers (met uiteenlopende toegang tot hulpbronne), sowel as video-opnames, foto's en die analise van dokumente.

Die studie het bevind dat alhoewel musiek 'n deel is van die skool kurrikulum, die belangrikheid en waarde daarvan besig is om geleidelik af te neem. Die onderrig en integrasie van musiek op skool kan die ontwikkeling van leerders in die grondslagfase se geletterdheid en gesyferdheid aanhelp en bydra tot 'n holistiese, multikulturele en betrokke leerervaring.

Hierdie studie bevestig dat musiekonderrig in klaskamers in die Wes-Kaap afhang van die ligging, hulpbronne en leierskap van 'n skool. Die studie se bevindings is betekenisvol vir onderwysers, hoëronderdig kuns dosente (musiek) en kurrikulum adviseurs. Alhoewel die spesialis kunsonderwyser (musiek) wel in die ou model C skole bestaan, is so 'n onderwyser 'n duur opsie vir skole met min hulpbronne. Dit is waarom dit belangrik is om die gewone onderwyser toe te rus om die musiek kurrikulum te implementeer en fasiliteer in die grondslagfase.

Samantha Kriger

Promotor: Prof Jonathan Jansen